**Gerrit J. Schutte,** ***De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika, 1880-2005***
Uitgeverij Meinema, Zoetermeer, 2005
823 pp (verdeel in twee bande)
ISBN 90 211 4088 8
€39.95

Gerrit Schutte het op 23 Desember 2005 sy emeritaat as professor in die geskiedenis van die Protestantisme aan die Vrye Universiteit in Amsterdam aanvaar. Hy is ŉ kenner van Nederlands-Suid-Afrikaanse verhoudinge. Sy talle werke oor veral die verhouding tussen Afrikaners en Nederlanders, gee hom ŉ diepte-agtergrond wat hy ten volle kon benut in hierdie groot en omvangryke studie. Dit is ŉ besondere kombinasie van ŉ intellektuele, ŉ sosiale en ŉ verhoudingsgeskiedenis waarin die rol van leidende individue op die voorgrond staan.

As verfynde historikus, lê Schutte ook in hierdie studie die klem op sy benadering van die geskiedskrywing. Dit is nie die taak van die historikus om gebeure van die verlede te beoordeel nie, maar om dit te rekonstrueer sodat reg geskied aan vorige geslagte se verstaan en omgaan met hulle omstandighede, en sodat die hede se insigte en begrip verhelder

word. Hy bereik hierdie doelstelling op ŉ geslaagde wyse in hierdie boek, want daar word aan alle kante van sake indringende aandag gegee. Die ryk detail wat die rol van persoonlikhede belig, word verder aangevul deur vier waardevolle bylaes. Hierdie bylaes sal nog dikwels vir naslaandoeleindes deur ander ondersoekers gebruik word.

Hoewel Schutte dus nie gebeure en mense beoordeel nie, bied hy waardevolle insigte in ŉ verskeidenheid omstrede onderwerpe in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, byvoorbeeld oor die rol van S.J. du Toit, wat hom in dieselfde taal as Abraham Kuyper uitgedruk het, maar iets heeltemal anders daarmee as Kuyper bedoel het. Kuyper wou die Calvinisme bevorder en Du Toit Afrikanernasionalisme (pp 39, 650). Hy skryf ook oor die rol van die NZAV en sy besondere verbintenisse met die Nederlandse gereformeerde wêreld en die VU (op verskeie plekke in die boek), oor J.D. du Toit (Totius) – voor 1940 die mees gerespekteerde oudstudent van die VU, maar aan wie die VU nooit ŉ eredoktorsgraad wou verleen nie, omdat sy letterkundige bydraes nie as wetenskap gegeld het nie (p 215). Totius se gedig:

> Die fyn mistieke eenheidsband
> Verbind Oranje, Nederland
> En Afrika deur alles heen

word die leitmotiv van Hoofstuk 4, waarin Schutte die aansprake van historici soos I. Hexham dat die mistieke verbintenis tussen Nederland en die Afrikaners ŉ "invented tradition" is, ondersoek. Met verfynde insig toon hy aan hoe verkeerd Hexham, B.J.H. de Graaff en Johan Kinghorn is met hulle gebrek aan begrip vir hierdie mistieke eenheidsband. Dié eenheidsband was iets veel meer as wat die Dietse Verband voor 1940 daarvan wou maak (p 282). Hy toon ook aan dat die koppeling van die Christelike Nasionale Skoolbeweging, met sy wortels in Nederland, aan Afrikanernasionalisme en rasse-vooroordeel van CNO ŉ anachronisme gemaak het. CNO was ŉ vrywillige versuiling op lewensbeskoulike grondslag. Die kaping van CNO deur die Nasionale Party na 1948 vir sy eie politieke doelwitte, het die oorspronklike doel en betekenis verwring.

> De gedaante van een gereformeerd wêreld, en dus ook de relatie tussen de VU en Zuid-Afrika, waren vast onderdeel van het denken van toen.

Hy ondersoek die aansprake van mense soos Hexham en A.P. Treurnicht dat die denke van Abraham Kuyper die beleid van apartheid moreel-eties sou onderskryf. Sy deeglike bespreking van Kuyper se opvattinge en hoe Afrikanerintellektuele dit vertolk het, toon aan dat Kuyper se idees van

soewereiniteit in eie kring gerig was op die bevordering van Christelik-Calvinistiese denke by alle mense. Dit het geen grense van ras en etnisiteit geken nie (pp 115-117).

Daar is die geval van W.P. Steenkamp wat in 1910 die eerste doktorsgraad in die geskiedenis in Afrikaans, en wel aan die VU ingedien het, en die *hilarische* konsternasie wat dit aanvanklik aan die VU veroorsaak het (pp 163, 652). Die Johannes du Plessis-saak neem heelwat ruimte in die boek op om aan te toon dat Du Plessis se standpunte nie so konsekwent en fundamenteel was as wat sy ondersteuners verwoord het nie, asook dat sy teenstanders gedwaal het in hulle verstaan van die saak (p 119).

In sy sosiale geskiedenis van Suid-Afrikaanse studente se ervaring van Nederland, Amsterdam en die VU, maak hy heelwat van digters se uitsprake gebruik Hy ontleed die geldigheid van hulle kritiek op Nederland en die VU, maar ook die diepte van hulle waardering vir wat Nederland aan hulle gebied het.

Vanweë hulle besondere samewerkingsooreenkoms sedert 1958, speel die geskiedenis van verhoudinge tussen die VU en die PU vir CHO begryplik ŉ groot rol in die boek. Tog wys Schutte daarop dat meer Stellenbosch-opgeleide studente in die teologie aan die VU gestudeer en gepromoveer het, as van Potchefstroom. Deel II van die boek handel oor die dramatiese veranderinge in Nederlandse hoër onderwys as gevolg van die studente-onrus en die demokratisering van die universiteitswese. Die verhouding met die PU en met Suid-Afrika het die besondere voorwerp van die radikale studente se wrewel geword. Gevolglik is die bestuur van die VU stelselmatig gedwing om al hoe verder vervreem te raak van die twee. Eers is gepoog om deur kritiese dialoog die PU oor te haal om die beleid van apartheid onomwonde te verwerp. Daarna is die ooreenkoms met Potchefstroom in 1974 opgesê. Die boikot aksies teen Suid-Afrika het talle Afrikaanse akademici nadelig getref. Hieroor wy Schutte in besonderhede uit. Hy wys ook daarop dat terwyl die nuwe kreet van die VU ontwikkelingshulp aan die Derde Wêreld en sosiale geregtigheid vir alle gemarginaliseerde groepe in die samelewing geword het, dit juis sodanige groepe in Suid-Afrika weens die boikot uitgesluit het (p 582).

Teen 1972 het die VU sy grondslag prysgegee en ŉ nuwe omskrywing van sy doelstellings aanvaar. Dit het die Christelike wetenskap weggelaat en nou op Christelike waardes gekonsentreer. In 1992 het Harry Brinkman nog ŉ nuwe formulering van die doelstellings geskryf: die wêreldvormende rol van die godsdiens word nou die sentrale

punt en die betekenis daarvan om sosiale ongeregtigheid te bestry, word die doelwit. Schutte stel die kritiese vraag "of het christelijk geloof op die manier kan en mocht omschreven worden, als een levensleer, en alleen als déze levensleer" (p 556). Gevolglik verklaar Schutte dan ook dat professor Hennie Bingle, rektor van die PU, se kritiek dat die VU die betrekkinge met die PU nie om teologiese of akademiese redes nie, maar om politieke belange opgesê het, *een punt* gehad het (p 557).

Ná 1960 het die VU se aandag van Suid-Afrika na die Derde Wêreld, en van die Afrikaanse universiteite na die akkommodering van swart studente uit Suid-Afrika verskuif. Die eerste student was dominee S.M. Shabalala in 1962, gevolg deur dominees Sam Buti in 1966 en Elia M. Tema in 1967. Die aantal swart studente uit Suid-Afrika sou egter nie die getalle van Afrikaners van vroeër ewenaar nie. Tussen 1962 en 1990 het 38 swart studente hulle vir kursusse aan die VU ingeskryf, en tussen 1991 en 2004, 14 (p 601). In die vyftien jaar voor 1990 het die VU ŉ hele aantal projekte aangepak om samewerking met Derde Wêreld universiteite te onderneem. Van die projekte soos dié met die Kongo en Indonesië, was nie suksesvol nie. Na 1990 is nuwe programme ingestel en is daarna gestrewe om bande met alle Suid-Afrikaanse universiteite te sluit. Die samewerkingsooreenkoms met Potchefstroom is weer in 1997 gesluit en nuwe programme is onder meer met Stellenbosch en Pretoria ontwikkel. Die studentegetalle het egter nog nie die hoogtes van vroeër bereik nie. Schutte se boeiende verhaal van die ontwikkeling van die VU se betrekkinge met Suid-Afrika, van verborge eenheid, tot openlike vyandigheid, tot vernuwende samewerking, is ŉ baken in die geskiedskrywing oor Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge op die persoonlike vlak van akademiese verkeer. Hierdie publikasie is dus ŉ monumentale werk wat ŉ wye leserskring verdien.

Pieter Kapp
Besoekende Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat